Huisgeloof 2017#34 - sondag 5 Nov tot Saterdag 11 Nov - 1 Tess 2:9-13

9 Julle onthou immers nog, broers, hoe ons geswoeg en gesweet het. Dag en nag het ons gewerk om nie vir enigeen van julle 'n las te wees terwyl ons die evangelie van God aan julle verkondig het nie. 10 Julle, en ook God, is getuie van hoe suiwer, reg en onberispelik ons ons gedra het teenoor julle wat glo. 11 Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders 12 het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in sy koninkryk in te gaan en so aan sy heerlikheid deel te hê. 13 Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys.

#invloed > Jou invloed is 'n seën of 'n vloek - soos kernkrag - dit gee die elektrisiteit om 'n stad te verlig of dit gee die krag aan die bom om 'n stad te vernietig. Die vraag wat elke Jesus-volgeling moet dryf, is: "Wat kan ek doen/gee sodat ek 'n positiewe invloed kan hê?" 1 Tess 2 help ons verseker daarmee.
Die twee woorde wat hier vir jou en my invloed belangrik is, is die woorde liefdevol en sag [v7]. Dit word opgesom deur hierdie woorde… sagte oë. Dis hoe Jesus teenoor ons optree. Dis hoe Hy oor ons voel!

Die volgende bekende storie wat 'n ma in Glasgow, Skotland, illustreer presies hierdie punt.
'n Tienermeisie het moeg geword vir al die beperkings in haar huis en gesê: "I don't want your God. I'm leaving!"Dinge het aanvanklik rooskleurig begin, maar sy het uiteindelik 'n prostituut geword. Die jare het verby geglip, haar pa het doodgegaan, haar ma het ouer geword…
Die ma het egter nie opgehou soek nie. Uiteindelik het sy gehoor dat haar dogter iewers in Glasgow se agterstrate lewe. Sy het by elke tuiste vir haweloses 'n plakkaat met haar eie foto opgesit. Op die plakkaat was geskrywe: "I love you still... come home!"
Maande daarna sien die dogter die foto van haar ma. Toe sy die woorde daarop lees, het sy begin huil en by haarself gedink: "Dit is te goed om waar te wees. Na alles wat ek gedoen het…"
Sy het laataand by 'n donker huis aangekom. Toe sy die deurknop draai, het dit oopgegaan… sy is na haar ma se kamer toe… Albei het gehuil en mekaar vasgehou.
Die dogter het eerste gepraat: "I was so worried! The door was open and I thought someone had broken in!" Die ma het saggies geantwoord: "No, dear. From the day you left, that door
has never been locked." "Home is the place where they have to take you in, even though you don't deserve it!" (Robert Frost)

Ons arms is altyd oop vir mense wat in verhoudings met ons staan, omdat God se arms altyd vir ons oop is…

Invloed 2 > vers 11, 12: "Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het soos 'n pa sy kinders, het ons julle bemoedig, aangespoor en dit op julle hart gedruk om tot eer van God te lewe…"

Rabbi Nachman het gesê: "It's easy to make them feel unwanted. Anyone can do it. What takes effort and skill is picking them up and making them feel good."

Drie woorde is hier vir ons invloed belangrik – bemoedig, aangespoor en op julle hart gedruk.
Die kombinasie van woorde laat 'n beeld van 'n atleet wat, om die laaste draai, op pad wenpaal toe, struikel. In plaas daarvan dat jy aangegaan het, verminder jy jou spoed, sit jou arm om die persoon en help hulle aan eindstreep toe - selfs al beteken dit dat jý nie meer gaan wen nie.

Deel van die familie > Om deel van 'n familie\gemeente te wees, vra alles van jou en my. Maar 'n lewe waar God alles is en waar ons optree met die volgende waardes - liefdevol, sag, bemoedigend, aansporend en dit op mense se hart druk, optree - maak ons lewens ryk en betekenisvol.
Herkou bietjie aan die veelseggende woorde wat Stephan Covey kwytgeraak het: "How many people on their deathbed wish they'd spent more time at the office?" Waar gaan jou invloed die meeste gemis word? Die antwoord op hierdie vraag bepaal waar jy jouself in hierdie 1 Tess 2 waardes (liefdevol, sag, bemoedigend, aansporend en op mense se hart druk) moet inoefen, sodat ons 'n positiewe "legacy" sal nalaat.